# MEDIAVERKLARING

VRYGESTEL OP 26 FEBRUARIE 2026

EMBARGO: GEEN

## ERA VAN INKRIMPING IS VERBY – MAAR KAN DIE BEGROTING OORLEEF?

Die SAOU is versigtig optimisties oor die 2026 Begrotingsrede wat deur die Minister van Finansies, Enoch Godongwana, voorgehou is. Dit sal in 2026 'n groot verbetering wees as hierdie begroting by eerste voorlegging aanvaar word, teenstrydig met die situasie wat in 2025 vir maande voortgeduur het.

Godongwana het dit duidelik gestel dat die regering `n baie belangrike punt in die bestuur van openbare finansies bereik het.

As hierdie stelling 'n ware beeld bied van wat in 2026 geïmplementeer gaan word, beteken dit dat provinsiale onderwysdepartemente ook verligting van die inkrimpingsbegrotings sal beleef. Hierdie verligting kan net tot voordeel vir die onderwysstelsel in Suid-Afrika wees.

Die SAOU ondersteun die beginsels wat deur die Minister voorgehou is, waarin hy aangedui het dat hierdie begroting geanker sal word in: stabilisering van skuld, beleggings in infrastruktuur en verbeterings in besteding. Dit bied 'n baie gunstige uitkyk vir die onderwyssektor waar veral verbetering van infrastruktuur 'n kernuitdaging is.

Die SAOU steun ook die minister se besluit om R893 miljard te belê in vervaardiging, KMMO's en openbare werksprogramme. Dit is veral verblydende nuus vir skole waar daar nie genoeg onderwysers in klaskamers is nie terwyl die leerderbevolking toenemend groei.

Met hierdie beleggings op die horison sal dit bydra tot die aanspreek van aangeleenthede wat kapasiteit in skole onder druk plaas, soos oorgroot klasse. Sou daar genoegsame skole, opvoeders en ondersteunende kapasiteit op distriksvlak wees, sou die onderwyssektor met rasse skrede kon vorder. Die implikasie hiervan is dat probleme soos gebrekkige dissipline op skoolvlak ook aangespreek kan word.

Die SAOU en sy lede neem met dankbaarheid kennis dat daar nie sprake van belastingverhogings is nie. Die stygende lewenskoste sou deur 'n addisionele verhoging in belasting baie negatief geraak word.

Die SAOU glo dat die verligting wat die afskaffing van inkrimpingsbegrotings, net tot voordeel van skole en leerders kan wees.